## DIE HERVORMING-GEDENKPOSSEËLS

Hoewel Protestantisme in Suid-Afrika oor die algemeen Calvinisties is en nie die Lutherse leer volg nie, is dit paslik dat daar aan die 450-jarige herdenking van die eerste daadwerklike protes teen bestaande kerklike toestande gedurende die sestiende eeu, aandag geskenk word. Hierdie eerste protes is geuiter deur Maartin Luther, 'n Augustynse monnik wat professor in die teologie aan die universiteit van Wittenberg in oostelike Duitsland was. Uit sy lesings in 1516 oor die *Brief aan die Romeine* het reeds geblyk dat hy nie met die toenmalige kerklike opvatting saamgestem het nie. 'n Jaar later, op 31 Oktober 1517, het hy in die openbaar aan sy opvattings uiting gegee toe hy sy 95 stellings aan die poort van die kasteelkerk in Wittenberg vasgespyker het. Deur hierdie optrede van Luther, is die Hervorming in wese ingelui.

Ter herdenking van hierdie gebeurtenis, het die Departement van Poswese besluit om twee gedenkposseëls uit te gee.

Aanvanklik het die gedagtes vir 'n ontwerp na plaaslike monumente, kerkgeboue en simboliese tekens uitgegaan, maar daar kon nie aan iets gedink word wat hierdie eerste stap tot die Hervorming, toepaslik kon uitdruk nie. Gevolglik is daar op 'n portret van Luther self en op die kerk in Wittenberg besluit, mits 'n behoorlike afbeelding daarvan verkry kon word.

Hoewel die Duitse skilder Lucas Cranach 'n hele aantal portrette van Luther geskilder het, is die meeste daarvan eers op 'n latere leeftyd van dié Hervormer gemaak. Die keuse het gevolglik op 'n portret in die Nasionale Museum in Stockholm geval, waarvan 'n reproduksie, gelukkig genoeg, in besit van een van die lede van die Posseëladvieskomitee was. Hierdie portret is in 1526 geskilder, nege jaar ná die gebeurtenis in Wittenberg, toe Luther nog 'n baie strydbare voorkoms gehad het. Deur 'n kunstenaar van die Staatsdrukkery, Walter Frederick van Reenen, is 'n ontwerp van hierdie portret gemaak. 'n Tweede ontwerp van 'n buitestaander was lofwaardig, maar is daar tog besluit om voorkeur aan dié van Van Reenen te gee, vanweë die feit dat Van Reenen oor baie meer ervaring en kennis beskik het. Hy is in 1918 te Somerset-Wes in die Kaap gebore. Nadat hy sy skoolloopbaan in Kaapstad voltooi het, verkry hy vir twee jaar 'n beurs by die Michaelis-kunsskool. Daarna word hy by 'n blokmaker- en kunsateljeefirma verder opgelei as handelskunstenaar. Vanaf 1948 is hy in diens van die Staatsdrukkery as 'n drukkers- en litografiese kunstenaar. Van Reenen skilder ook in olie en waterverf, veral landskappe en stillewens.

Met behulp van die bibliotekaris van die Openbare Biblioteek in Johannesburg, is Luther se handtekening verkry — 'n pragtige handtekening met sy volle naam Marthinus Luther! Dit is in wit letters oor die onderste deel van die portret geplaas, sodat dit die groot vlak van die donker Augustynse py 'n bietjie onderbreek. Oor die kleur van die 2½c-seël is nooit getwyfel nie. Op die eerste ontwerp was dit 'n skarlaken

waarin dit uiteindelik ook uitgevoer is. Verder was daar ewemin probleme met die plasing van die teks. Die datum 31 Oktober 1517, die maand in Romeinse syfers, soos dit internasionaal gebruiklik is, is regs onder aangebring, terwyl die waardesyfer 2½ regs bo sy plekkie gevind het. Links bo, op 'n plek waar hulle onmiddellik die oog vang, staan die drie mooi uitgevoerde letters: R S A. 'n Opeenhoping van beide kante van die seël met letters en 'n tweetalige teks, was dus nie nodig nie.




*Die Hervorming-Gedenkposseëls.*

Vir die 12½c-seël kon 'n redelike afbeelding van die poort in Wittenberg verkry word. Die oorspronklike houtdeur het afgebrand en is later deur 'n ysterdeur vervang waarop die 95 stellings afgebeeld is. Ook hier het die kleur geen probleem opgelewer nie. Die ontwerper van hierdie seëls, N. W. Meadows, het rekening gehou met die natuurlike kleur van die gebou: wit sandsteen en klip en het hy die seël in bruin teen 'n oranjegeel agtergrond met wit uitgevoer. Meadows ken hierdie soort geboue goed. Hy is in 1909 naby Blackpool in Engeland gebore en het in Hull sy skoolopleiding gehad. Vir sewe jaar het hy sy vakleerlingskap as litografiese kunstenaar deurloop waarby hy ook spesiale opleiding in drukskrif geniet het. Hy werk vir verskeie firmas en ateljees in Londen, o.a. die wêreldbekende fotogravure-firma Odlams. In 1946 kom hy na Suid-Afrika waar hy as drukkers- en litografiese kunstenaar by die Staats-

drukkery in diens getree het. In sy vrye tyd skets hy landskappe en stel hy ook baie belang in fotografie.

Meadows het die teks Hervorming - Reformation - 1517 bo die poort ingewerk, terwyl die waardesyfer en landsaanduiding onderaan gekom het — 'n welkome afwisseling in vergelyking met die ander waardeseël. Op die eerste ontwerp het die letters, merkwaardig genoeg, oënskynlik nie in dieselfde vlak gestaan nie, terwyl dit verder gelyk het asof die gewel geboë was. Dit alles is reggemaak en die ontwerp van hierdie seël word ook op die eerstedag-stempel gebruik.

Hierdie eerstedagkoevert het aanvanklik die wapen van Luther gehad, maar dit is vervang deur die reproduksie in geel van 'n skets wat Luther afbeeld waar hy besig is om die stellings aan die poort te spyker. Die nommer van die koevert, sesde in die reeks, is in 'n kleiner syfer as by vorige uitgawes, langs die teks onder die afbeelding geplaas. Daar is weer eens besluit om 'n kaartjie vir versterking by elke koevert te voeg. Op die een kant sien ons in sagte grys twee op mekaar toelopende rye Gotiese boë met 'n oop Bybel in die middel, terwyl aan die ander kant, toeligting oor Luther se lewe voorkom.

In die geskiedenis van Suid-Afrikaanse posseël-ontwerp, is hierdie twee seëls belangrik. Twee ou geskiedkundige voorstellings, 'n portret en 'n gebou, is volgens die vereistes van moderne posseël-ontwerp uitgevoer. Die portret het geen omraming nie omdat dit die robuste kop net sou inhok. Die rooi kleur pas by die aggressiewe portret. Op die 12½c-seël is weelderige Gotiese lyne, tot die allernoodsaaklikste beperk. Sowel kleur as tekening is meer neutraal as die portret, maar die deur vang onmiddellik die oog.

Die belangrikste vooruitgang is ongetwyfeld die landsaanduiding wat die tradisionele twee rye, nouliks leesbare, lettertjies vervang het met drie kloeke letters: R S A. Drie letters waarmee ons land reeds in die hele wêreld bekend is. 'n Groot stap vooruit in die geskiedenis van ons posseël-ontwerp!

Prof. F. G. E. Nilant